Treffend En Tydloos

1 Sep 2015 : De Kat (Afrikaans)
AVE: 29473,75
Circulation: 30000,00
Dimensions: w:209 h:278

Publication: DE KAT (Afrikaans)
Date: 2015-09-01
Page: 74 -- Part 1 of 2

Treffend en tydloos

'n Monochroom tema is treffend en tydloos. Die swart-en-wit kleurskema is nie noodwendig uitgedien as 'n tradisionele partytjietema nie.

"Dit is 'n klassieke keuse en bly een van my gunstelinge om moeiteloos bymekaar te bring," vertel Aleit Swanepoel, toonaangewende geleentheidkoördineerder van The Aleit Group.

Voor ete kan jy skemerkelkies bedien in 'n area wat spesifiek daarvoor ingerig is. Vir die partytjie is 'n wit kleurblok geskep, kompleet met wit blomme in wit blompotte. Dit skep 'n strak, skoon pagina en die eenvormige kleur trek die gaste in om die detail te waardeer. Die geheim hier is om eklektiese potte en elemente bymekaar te voeg, sodat die subtiliteite van die ontwerp opvallender raak as die kliniese kleur wat as anker gebruik word.

Die spyskaart is gesofistikeerd en allesbehalwe vervelig, met verskeie swart-en-wit koselemente wat die sintuie tart. Inkvisrisotto met parmesaanskuim word in 'n glas bedien sodat die slim spel tussen wit en swart van die kant af bewonder kan word. Die blomkool pana cotta se spierwit swier word op 'n swart leiklipteël voorgesit, wat weer eens die wit en swart lekkertes teen mekaar afspeel.

Trek die tema bymekaar deur 'n mimiekkunstenaar te huur. "Melodrama is mos kos vir die siel! Laat hom of haar aantrek in dieselfde monochroom kleure en moenie skaam wees vir gesigverf nie," is Aleit se mening. Die mimiekkunstenaar verleen daardie finale karnivalagtige grootsheid aan jou geleentheid en sal boonop jou gaste vermaak.



Fotos: Joe Dreyer

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission

Publication: DE KAT (Afrikaans)
Date: 2015-09-01
Page: 75 -- Part 2 of 2

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission